

Redaksioneel

Steward van Wyk
Wium van Zyl

Hierdie uitgawe van T.N.&A dek 'n wye spektrum. Ena Jansen se artikel is 'n verwerkte weergawe van 'n lesing wat tydens 'n werkbesoek op Curaçua gegee is. J.C. Kannemeyer bied 'n aangepaste versie van sy Langehovenlesing, gelewer tydens die Klein Karoo Kunstefees op Oudtshoorn. Wium van Zyl se artikel is gebaseer op navorsing vir sy uitgawe van Thomas Francois Burgers se *Toneelen uit ons dorp in Afrikaanse* vertaling en 'n referaat gelewer tydens die SAVN-kongres in Durban. Heinrich Grebe se artikel is eweneens gegrond op 'n referaat gelewer by 'n colloquium van die IVN. Inez Slagter en Ena Jansen se gesamentlike artikel is 'n verwerking van 'n doctoraalskripsie deur eersgenoemde onder leiding van laasgenoemde. Matildie Thom Wium se artikel is aangepas uit haar magisterverhandeling in Musiek.

Jansen ondersoek die ooreenkomste tussen die Nederlands-Karibiese gebied en Suid-Afrika wat wel bestaan ondanks die enorme geografiese skeiding, die oënskynlik “te wijde en veel te diepe oceanen” (Arion) tussenin. Sy vind 'n beginpunt in die vergelykbaarheid van “slavernijromans”.

Van Zyl plaas Burgers se werk in die lyn van mikrokosmiese dorpsromans en -verhale in die Suid-Afrikaanse Nederlandse en die Afrikaanse letterkundes. Hierby betrek hy ook tendense wat ander ondersoekers aangewys het in verskillende studies oor die ontwikkeling van mikrokosmiese Afrikaanse plaasromans. Op grond van hiervan argumenteer hy dat hierdie Nederlandse geskrifte nie buite rekening gelaat mag word wanneer literêre ontwikkelinge en tradisies in Afrikaans beskryf word nie.

Slagter en Jansen gaan die geskiedenis, aard funksies van die literêre motto na. Die kategorieë wat hulle in hierdie verband aanwys, word vervolgens toegepas op die drie motto's in André P. Brink se roman *Bidsprinkaan*. Op grond van die betrekkinge tussen hierdie drie teksgedeeltes en die res van die roman word 'n bevinding gemaak oor Brink se klaarblyklike ideologiese posisionering van homself as skrywer.

Kannemeyer stip verrassende verbande aan tussen die oënskynlik uiteenlopende oeuvres van C.J. Langenhoven en die se peetkind Etienne Leroux. Hy is dit eens met Leroux se oordeel dat Langenhoven die eensame lot ervaar het van 'n kunstenaar wat weens tydsomstandighede homself nooit volkome as kunstenaar kon laat geld nie. Langenhoven het wel die fondament gelê “vir latere skrywers soos sy peetseun om op voort te bou en kunswerke te lewer waarmee Afrikaans in die internasionale arena van die literatuur hoorbaar kon word”.

Grebe neem 'n aantal vroeë, Nederlandstalige, preke van sy oupa (wyle ds. Philipus Petrus van der Merwe) en vergelyk dit taalkundig met 'n ewe groot korpus van sy laaste,

Afrikaanstalige, preke. Hierdie vergelyking plaas hy as onafhanklike kontrole teenoor die hipotese in Ana Deumert se studie oor die standaardisering van Afrikaans (2004).

Thom Wium gaan in haar studie die ontstaansgeskiedenis na van *Tristia*, 'n reeks werke vir die klavier deur die komponis Arnold van Wyk (1919-1983). Die hooftokus van die artikel is die elegiese program van die stel. Deel van die netwerk “buite-musikale” verwysings wat nagegaan word, is die Middel-Nederlandse “Egidiuslied”. Die desbetreffende stuk (“Rondo desolato”) is deur Van Wyk as die beste in die stel beskou en oorweeg as oorkoepelende titel. Die studie sluit 'n gevolgtrekking in oor waarom die komponis uiteindelik hierdie bron verswyg het.

Ons bedank graag die keurders, Christa van Zyl die grafiese ontwerper asook Africana Uitgewers vir die toestemming om die afbeelding op die voorblad te gebruik.

Universiteit van Wes-Kaapland